

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1 (34:1)**

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,  
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.  
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 118:12 (p. 579)**

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.  
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.  
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –  
dit is die dag van grote dinge, / die glorieskeken van u mag.

## **Gebed**

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## **Psalm 105:1 (p. 514)**

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,  
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;  
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

**Skriflesing: Matteus 12:4 13**

**Teks: Matteus 12:7; Kategismus Sondag 38**

**Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie. (Matteus 12:7 AFR53)**

Ons het so 'n geneigdheid om sekere woorde uit die Bybel te onthou, en dit dan dikwels nie in sy volle waarheid toe te pas nie.

- So 'n voorbeeld is dat ons almal die woorde onthou dat die Sabbatdag 'n dag is wat ons nie mag werk nie, en dan maak ons dit 'n rusdag.
- Maar dan so 'n rusdag dat ons ons geloof nie beoefen nie, maar allerhande los take verrig.

Ons kyk na die Sondag as:

- 1. Die werksdag vir die Here**
- 2. Die Sondag as dag van kennis.**
- 3. Die Sabbat as dag van barmhartigheid.**

## 1. Die werksdag vir die Here

Het u al daaraan gedink dat die Sondag ook 'n werksdag is?

- Natuurlik is dit 'n werksdag. Dis net 'n ander soort werksdag as wat 'n weeksdag is.
- Die verskil is bloot daarin geleë dat jy op 'n weeksdag na die plek toe gaan waar jy jou daaglike lewensonderhoud verdien, terwyl jy op die Sondag omgang beoefen met die Persoon wat aan jou die ewige lewe gee.

Die Bybel het 'n baie presiese beskrywing van watter soort omgang mens op die Sondag met die Here moet hê.

- Ons lees dat die lidmate van die Nuwe-Testamentiese kerke altyd op die eerste dag van die week eendragtig bymekaar was in die gebed.
- Die samekoms was altyd op die vaste bidplek: óf in die sinagoge, óf langs die rivier.
- Dit was eredienste. Daaruit is dit duidelik dat al die Nuwe-Testamentiese kerke (soos ons!) nie anders sal kan doen as wat hierdie eerste Christelike kerke gedoen het nie.

In die gedeelte wat ons saam gelees het, loop die Here Jesus en sy dissipels op 'n sabbatdag deur 'n koringland.

- Hulle is honger. Daarom loop hulle en koring uitvryf en dit eet.
- Dit was 'n soort van optrede wat in daardie tyd baie sterk afgekeur is, want dis beskou as werk, en op die sabbatdag mag daar nie gewerk word nie.

*Dit is ook vreemd dat die Here en sy dissipels juis die mense is wat hier die wet oortree, veral as mens dit teen die agtergrond daarvan sien dat die Here 5 000 mense kon voed met 'n paar brode en vissies. Hy kon mos maklik iets voorsien om die dissipels se honger te stil sonder dat Hy die gemeenskap se aanstoot op sy hals gehaal het.*

Waarom doen Hy dit dan? Die rede word egter gou duidelik:

- Die Here wil iets demonstree van geestelike honger.
- As mens honger is, maak jy 'n plan, al is dit op watter dag.
- Wat maak die gelowige as sy siel honger is?

Die Here doen toe iets wat aan die mense wat betrokke is die teenstrydige waardes en valsheid in hulle geloofslewe uitwys.

- Die Fariseërs het byvoorbeeld die wet so verdraai dat volgens hulle vertolking van die wet die dissipels hulle nou skuldig gemaak het aan graan dors op die sabbat.
- Hulle hele vertolking van die wet was inderdaad 'n saak waarmee hulle hulleself vereer het, en nie die Here nie. Veral van die heiliging van die sabbat het hulle 'n belaglike saak gemaak.

Daar het dus 'n klemverskuiwing plaasgevind wat daarop neergekom het dat die wet weggeraak het en dat die mense aan hulle eie vertolking die totale waarde geheg het.

- Die God van die dag het weggeraak, en net 'n paar menslike beslissings oor die dag het oorgebly.
- Dit wat die Here by hulle wou tuisbring was dat hulle geestelik honger gebly het omdat hulle nooit aan ware geestelike voedsel versadig geraak het nie.

## 2. Die Sondag as dag van kennis

Nou praat die Here verder met die Fariseërs maar ook met ons.

- Hy vertel dat ons nie verstaan waarom dit gaan as ons dit het oor die Sondag nie.  
**Het julle nie gelees nie ...? (Matteus 12:3a AFR53)**
- Die feit is vandag nog dat 'n onkundige persoon dikwels maak asof hy die meeste kennis het en die slimste is op 'n bepaalde saak.

Dawid het eenkeer in die tempel ingegaan en van die heilige toonbrode geneem en dit geëet.

- Die wet leer dat net die priesters daarvan mag eet,
- maar tog het die Here Dawid nie verkwalik dat hy daarvan geëet het nie.

Stadig maar seker word die Fariseërs se gebrek aan Bybelkennis deur die Here oopgevlék.

- Die Here se verwysing onderstreep twee dinge:
  - Eerstens die noodsaaklikheid daarvan dat mens die Bybel moet ken, en
  - verder dat jy moet verstaan wat daarin aangaan.

Die Here gaan verder: Het julle nie ook gelees dat die priesters wat op Sondag werk, die tempel en die sabbatdag ontheilig nie?

- Maar hulle is onskuldig, want die werk wat hulle doen, moet doodeenvoudig tot eer van God gedoen word.
- Die saak waarom dit gaan in Sondags- of sabbatsheiliging is dus nie die wet nie, maar die Here.

Dit bring ons sommer dadelik by iets wat ons in ons eie tyd raak.

- Jy kan nie die Bybel gaan lees en vertolk soos jy dit verstaan nie.
- Jy moet dit lees en verstaan soos God dit geskryf het en verstaan wil hê.
- Verder ook dat ons nie die Bybel moet verklaar vanuit ons menslike dubbelslagtigheid sover dit ons standarde aangaan nie.

Die punt is elke keer: Wat sê God? Watter beginsels gee Hy en sover dit ons teks aangaan, wat leer Hy van die Sondagsheiliging?

Die feit is so eenvoudig:

- Die Here maak in die voortgang van tyd op 'n baie praktiese manier voorsiening dat ons die geleentheid kry om Hom behoorlik en sonder steurnis kan aanbid en dien.
- Daarvoor is die sabbatdag daar. Ses dae moet ons werk vir lewensonderhoud waarin die opdrag om die aarde te bewerk en die hele skepping vir God te bestuur uitgevoer word.
- Maar daar word ook tyd ingeruim om die koninkryk van die hemele in te gaan in diens aan die Here – dis die plek van die sabbat/Sondag.

Dan kom ons agter dat dit nie 'n leeglêdag is nie.

- Dis ook 'n werksdag – net 'n heeltemal andersoortige werksdag.
- Hierdie dag is om jou liggaam en jou siel net tot beskikking van aanbidding aan God te stel.

Dit beteken onder andere dat ons saamkom in eredienste waar ons:

- Saam die Woord verkondig.
- Waar ons saam die sakramente gebruik.
- Waar ons saam bid.
- Waar ons saam deel in die vooruitsig van ons ewige verlossing deur Jesus Christus.

Die rede daarvoor is dat daar ook 'n simboliese betekenis in die Sondag ingebou is.

- Dit is naamlik dat dit 'n beeld is van die ewige hiernamaals – van God se ewige koninkryk waar Hy alles in almal sal wees – en van ons liefdevolle en vredevolle saamleef met God in hierdie staat van volmaaktheid.

Anders gestel:

- Hierdie dag is die dag waarop ons die dinge van die hiernamaals moet ondersoek, en die eerste beginsels van die hemelse sabbat moet ervaar.
- Ons moet dus in die manier waarop ons die sabbat vier, erkenning daaraan gee dat hierdie dag by uitstek daar is om ons geloofshonger, en ons behoefte om met God om te gaan, te bevredig.

### **3. Die sabbat as dag van barmhartigheid**

die Here seën ons ook op dié dag deur ons van sy kant af te bemoedig en te versterk. Ons kan sê dat daar 'n barmhartighedsbelewenis is tussen ons en die Here.

Hierdie barmhartighedsbelewenis moet ook op die sabbat tussen ons en ons naaste tot uiting kom.

- Dis die diens van barmhartigheid wat ons onder die erediens onderhou.
- Die Here Jesus se woorde bevat 'n swaar verwyt teenoor die Fariseërs:
  - Hulle het goed geweet dat die Here Jesus en sy mense honger is, maar niemand het hulle kos gegee nie.
  - Hulle het net gestaan en kyk hoe en waar Jesus en die dissipels uit hulle nood gaan probeer uitkom, en dalk iewers langs die pad 'n fout maak.

Ons moenie so wees nie.

- Ons moet nie 'n kort armpie hê om uit te steek wanneer dit by die nood van arm mense kom nie.
- Ons moet ook in ons liefdesdiens God sien in die genade van sy dag.

Opgesom:

- Sabbatsheiliging is om God op te soek op die dag in die eredienste waar sy Woord verkondig word.
- Sabbatsheiliging is om geloofsoefening te doen sodat ons geloof versterk kan word.
- Dis om gemeenskap met God te beoefen deur die gebruik van die sakramente.
- Dis om die genade wat God aan jou gegee het ook met ander te deel.

Laat ons saam lees wat ons van hierdie gebod in die Heidelbergse Kategismus bely in Sondag 38:

**Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?**

**Antwoord:** God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensoonderrig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42.

(c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor:14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 130:3 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,  
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –  
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,  
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 25 November 2012